28/09/2020
08:38

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2020/09/28	DATUM 2020/09/25			+ - WEEK GELEDE 2020/09/21		+ - MAAND GELEDE 2020/08/24		+ - JAAR GELEDE 2019/09/23	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent ($/b)	42.29	0.00	0.0%	42.29	4.8%	40.34	-7.0%	45.46	-33.4%	63.50
US$: ? ZAR	17.03	0.010	0.1%	17.02	2.2%	16.66	-1.8%	17.35	14.3%	14.90
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2,443.07	-4	-0.2%	R 2,446.99	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Dec + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 3,406.56	3	0.1%	R 3,403.31	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Dec + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 6,278.73	10	0.2%	R 6,268.79	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Nov + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Sep '20	364.40	-0.80	-0.2%	365.20	0%	366.20	11%	327.40	-10%	403.40
Wheat Sep '20	544.40	0.20	0.0%	544.20	3%	527.00	8%	505.20	5%	518.40
Sojabone Aug '20	1003.40	1.00	0.1%	1002.40	0%	1005.00	11%	904.00	6%	944.20
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Spot	3800.00	0	0.0%	3800.00	0.0%	3800.00	-2.6%	3900.00	9.5%	3469.00
WMAZ Spot	3494.00	53	1.5%	3441.00	7.1%	3261.00	20.9%	2890.00	23.6%	2827.00
WMAZ Dec 20	3478.00	49	1.4%	3429.00	6.3%	3271.00	20.6%	2883.00	25.4%	2773.00
YMAZ Spot	3350.00	39	1.2%	3311.00	5.6%	3172.00	15.1%	2910.00	24.2%	2698.00
YMAZ Dec 20	3386.00	37	1.1%	3349.00	5.0%	3226.00	15.9%	2921.00	25.4%	2700.00
SOY Spot	8100.00	28	0.3%	8072.00	4.7%	7738.00	9.6%	7390.00	39.8%	5794.00
SOY Dec '20	8185.00	24	0.3%	8161.00	5.7%	7746.00	10.2%	7429.00	40.5%	5826.00
SUN Spot	7630.00	-88	-1.1%	7718.00	2.3%	7460.00	14.6%	6660.00	41.0%	5410.00
SUN Dec '20	7710.00	-73	-0.9%	7783.00	2.0%	7562.00	15.2%	6690.00	38.3%	5575.00
WHEAT Spot	5080.00	36	0.7%	5044.00	0.6%	5050.00	-16.7%	6100.00	12.2%	4528.00
WHEAT Dec '20	4944.00	11	0.2%	4933.00	0.9%	4902.00	-11.5%	5589.00	9.2%	4528.00
OLIESADE (US$/ton)	2020/09/24	Bron: Oilworld			2020/09/17		2019/03/22		2018/04/30	
Soya-oil, Arg.	801				-4.5%	839	17%	685	18%	676
Soya-pell, Arg.	407				4.4%	390	25%	326	11%	368
Soybean, Brazil	433				-0.9%	437	14%	379	6%	410
USA Runner 40/50	1350				0.0%	1350	4%	1300	4%	1300
Sun-oil, Arg.	950				-3.1%	980	43%	665	19%	800
Sun-oil, Black Sea	930				-11.4%	1050	38%	675	24%	750
Sunseed,Black Sea	455				-8.1%	495	23%	370	11%	409
Rapeseed, EU cif	465				-1.1%	470	12%	417	17%	399
Palmk oil Mal, EU	790				-2.5%	810	10%	720	-24%	1037

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het verlede week onder druk gekom en het laer gesluit vir die week. Die druk op die Amerikaanse mark was beperk deur die sterker sojaboonmeel pryse wat die persmarges weer ondersteun het en dus positief is vir die verwerking in die VSA. Die verwerking van sojabone in Suid-Amerika is aansienlik laer weens die beperkte produsente verkope wat in Argentinië heers terwyl die Brasiliaanse sojaboon voorraad baie laag is weens groot uitvoere na China toe wat vroeër hierdie seisoen plaasgevind het. Die Argentynse verwerking van sojabone was gedurende Augustus ongeveer 900 000 ton laer as die vorige seisoen se verwerking gedurende Augustus en die verwagting is dat die September en Oktober verwerking van sojabone in Argentinië nog laer behoort te wees. Die laer verwerking in Argentinië sal veroorsaak dat die Argentynse sojaboon voorraad aan die einde van die 2019/20 seisoen, wat September tot 'n einde loop ongeveer 30 miljoen ton behoort te wees. Dit sal rekord oordragvoorraad wees vir Argentinië. Die aanplantings in Suid-Amerika sal een van die grootste aspekte wees wat die volgende paar weke die internasionale prystendense sal dryf. Alhoewel die aanvanklike verwagtinge was dat nuwe rekord oppervlakte in Brasilië aangeplant sal word hierdie seisoen sal die weerstoestande die grootste bepaler wees van die werklike oppervlakte wat hierdie seisoen aangeplant sal word en ook van die produksieverwagtinge vir die seisoen. Daar is reeds groot gedeeltes van die Brasiliaanse produksiegebiede waar die aanplantings vir die seisoen vertraag is weens droë toestande. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark verhandel steeds sterk en het 'n goeie opwaartse tendens gevolg die afgelope paar weke. Die ondersteuning in die plaaslike sojaboonmark kan grootliks toegeskryf word aan die ondersteuning in die internasionale markte asook die beperkte sojaboon voorraad wat plaaslik beskikbaar is.

Sonneblomsaad: In die internasionale sonneblomsaadkompleks het die pryse verlede week skerp onder druk gekom met die sonneblomsaad pryse wat ongeveer 8% gedaal het vir die week terwyl die sonneblom oliepryse ongeveer 11% gedaal het vir die week. Die pryse van beide sonneblomsaad en sonneblom olie het skerp toegeneem die afgelope tyd en het teen groot premies teenoor ander gewasse verhandel. Die groot pryspremies van sonneblomsaad en sonneblom produkte teenoor ander produkte in die oliesaadkompleks het veroorsaak dat die sonneblom mark weer meer in lyn trek met die ander gewasse. Die internasionale sonneblomsaad mark het ondersteuning gevind met die laer verwagte produksie in die Swartsee streek en die groot vraag na sonneblom olie in die internasionale konteks. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het die afgelope paar weke goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel. Die ondersteuning in die plaaslike mark kan grootliks toegeskryf word aan die sterker internasionale pryse van sonneblomsaad en sonneblomsaad produkte.

Kanola: Die verwerking van kanola in Kanada het gedurende Augustus ongeveer 830 000 ton bereik wat goed in lyn was met die vorige seisoen se rekord verbruik gedurende Augustus. Die totale jaar tot datum verwerking van kanola in Kanada is tans teen 'n nuwe hoogtepunt van 6.75 miljoen ton. Die hoër verwerking van kanola wat tans in Kanada plaasvind kan grootliks toegeskryf word aan die groter vraag na kanola olie en meel in China en die VSA. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die produksieverwagtinge vir die seisoen goed en 'n goeie oes word hierdie seisoen verwag.

Grondbone: In Indië is die verwagting dat die grondboon produksie vir die seisoen laer behoort te wees as wat aanvanklik verwag was met die produksie toestande wat onder druk gekom het weens 'n oormaat reën wat daar voorgekom het. Die jaar tot datum verwerking van grondbone in Argentinië is ongeveer 17% laer as die vorige seisoen se jaar tot datum verwerking van grondbone. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die voorbereidings vir die nuwe seisoen grondboon aanplantings aan die gang en die mark is hoopvol vir goeie vroeë reën hierdie seisoen.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.